higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5030042)

17 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

458Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of 'n swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Apgar is 'n vinnige toets wat op 'n baba uitgevoer word tussen … ná geboorte.

A 60 tot 75 minute
B 1 tot 5 minute
C 30 tot 60 minute
D 1 tot 2 uur

1.1.2 Tegnologie kan leer by kinders stimuleer. Watter EEN van die volgende voorbeelde pas nie by die kriteria nie?

A Televisie
B Rekenaar
C Boeke
D Radio

1.1.3 Die volgende is NIE 'n teken van 'n kind met ADHD nie:

A Die kind is tevrede om op hulle beurt te wag.
B Die kind praat onophoudelik.
C Die kind vind dit moeilik om vir hulle beurt te wag.
D Die kind sal nie van een taak na 'n ander kan oorskakel nie.

1.1.4 Geslagsvooroordeel kan ook genoem word:

A Voortrekkery
B Geslagsbewustheid
C Manlik en vroulik
D Seksisme

1.1.5 Die chirurgiese prosedure wat gebruik word om 'n baba uit die baarmoeder te verwyder.

A Keisersnee
B Histerektomie
C Bygestaande geboorte
D Vaginale geboorte

(5 × 2) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Baba se tande begin in die tweede trimester van swangerskap vorm.

1.2.2 Die gebruik van lyftaal is nie deel van kommunikasie nie.

1.2.3 Pas- en sorteerspeletjies ontwikkel intellektuele vaardighede.

1.2.4 Perfeksionisme is 'n algemene emosionele probleem by begaafde individue.

1.2.5 Slegs seuns moet met karretjies speel en net meisies moet met poppe speel.

(5 × 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Postnatale sorg	A	gekombineerde inligting wat van ons sintuie ontvang word
1.3.2	Kommunikasie	B	oudiohulpmiddels vir gesiggestremdes
1.3.3	Persepsie	C	ná die geboorte van die baba
1.3.4	Inklusiewe onderwys	D	voor die geboorte van die baba
1.3.5	Diversiteit	E	'n tweerigtinginteraksie met klanke, woorde en gebare
		F	poppe met 'n verskeidenheid velkleure

(5 × 2) (10)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

fobies; gevoelens; ontwikkeling; tegnologie; skematies; krabbel

1.4.1 Die eerste tekenfase van 'n kind word die … stadium genoem.

1.4.2 Die gebruik van … in vroeë leer is om leer te ondersteun, nie om ander leeraktiwiteite te vervang nie.

1.4.3 Die eerste drie jaar van 'n kind word die goue jare van ... genoem.

Kopiereg voorbehou

1.4.4 Intense vrese by kinders word … genoem.

1.4.5 Dit is belangrik vir onderwysers om hulle eie … oor diversiteit te konfronteer sodat hulle nieveroordelend in die klas is.

(5 × 2) (10)

1.5 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies aangegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.5.1-1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Vingerverf is 'n goeie (taktiele/simboliese) aktiwiteit waar kinders hulle eie handafdrukke kan maak.

1.5.2 Die (nate/fontanelle) is sagte spasies tussen die bene van die skedel van 'n pasgebore baba.

1.5.3 Persepsie kan gedefinieer word as die (kombinasie/afsluiting) van inligting wat van die sintuie ontvang word.

1.5.4 Kultuur is 'n proses wat (geneties/aangeleer) is.

1.5.5 Kinders wat MIV-positief is, mag nie (uitgesluit/ingesluit) word in 'n VKO-sentrum nie.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

Beantwoord AL die vrae in AFDELING B.

2.1 Verduidelik die verskil tussen groei en ontwikkeling. (10)

2.2 'n Kleuter en 'n ouer broer speel wegkruipertjie in die tuin.

2.2.1 Wat is die TWEE kognitiewe ontwikkelingsvaardighede wat die kleuter ontwikkel?

Noem die vaardighede en verduidelik hoe elke vaardigheid ontwikkel word. (4)

2.2.2 Wat is die TWEE sosiale ontwikkelingsvaardighede wat die kleuter ontwikkel?

Noem die vaardighede en verduidelik hoe elke vaardigheid ontwikkel word. (4)

2.3 Verduidelik hoe elkeen van die volgende professionele persone die onderwyser of versorger wat kinders met spesifieke uitdagings en behoeftes het, kan bystaan.

a. Spraakterapeut
b. Maatskaplike werker
c. Arbeidsterapeut
d. Pediater (4)


2.4 "My liggaam is my liggaam en dit behoort aan my!" Noem DRIE redes waarom hierdie stelling vroeg vir jong leerders geleer moet word. (3)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1

PRENT A: LAPBOEK	PRENT B GROOT BOEKWEERGAWE
	

[beeld] Beskikbaar by: <https://za.pinterest.com/pen/374854368959765084/> .

3.1.1 Watter boek is geskikter vir kleuters? Kies tussen prent A en B. (1)

3.1.2 Gee DRIE redes waarom jy dink hierdie boek is meer geskik vir kleuters. (3)

3.1.3 Watter boek is meer geskik vir graad R-leerders? Kies tussen prent A en B. (1)

3.1.4 Gee DRIE redes waarom jy dink hierdie boek is meer geskik vir graad R-leerders. (3)

3.2 Beantwoord die volgende vrae oor e-leer by VKO-sentrums:

3.2.1 Wat is jou begrip van die term *skermtyd*? (1)

3.2.2 Gee DRIE voordele van die gebruik van tegnologie in die vroeëleerklas. (3)

3.2.3 Hoe kan die onderwyser tegnologie gebruik gedurende 'n musiekaktiwiteit met die groep wat vier jaar oud is? (3)

3.3 Jy moet 'n beginneronderwyser bystaan om te verseker dat haar lesbeplanning 'n multikulturele (teenvooroordeel-)benadering toon. Watter raad sal jy haar gee om multikulturalisme by haar beplanning in te sluit? Gee VYF wenke. (5)

3.4 Die eienaar van DESTINY INCLUSIVE ECD CENTRE het pamflette vir die komende jaar uitgestuur.

Noem VYF punte van wat jy verstaan onder *inklusiewe vroeëleersentrum*. (5)

[25]

VRAAG 4

4.1. Dit is belangrik dat die swanger vrou goed vir haarself moet sorg aangesien haar gesondheid ook die ongebore baba se ontwikkeling beïnvloed.
Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Waarom moet verwagtende moeders voorgeboortelike kliniekondersoeke bywoon?

4.1.2 Wanneer word 'n baba as vroeggebore beskou?

4.1.3 Wat veroorsaak postnatale depressie?

4.1.4 Noem TWEE tekens van swangerskap.

(4 × 2) (8)

4.2 Noem VIER areas/kategorieë van persepsie en beskryf elkeen. (4 × 2) (8)

4.3 Waarom is dit belangrik dat die onderwyser leerders in gevaar vroeg identifiseer? (5)

4.4 Watter VIER soorte/voorbeelde van diversiteit kan jy in 'n vroeëleersentrumklas in die stad verwag? (4)

[25]

VRAAG 5

5.1 'n Negatiewe selfbeeld sal lei tot wangedrag, gevoelens van ontoereikendheid en 'n gebrek aan selfvertroue. Dit is belangrik om jong kinders by te staan om 'n goeie selfbeeld te hê.





5.1.1 Gee jou eie definisie van die begrip *selfbeeld*. (2)

5.1.2 Verduidelik die belangrikheid wat 'n goeie selfbeeld vir 'n kind se ontwikkeling het. (5)

5.1.3 Noem EEN voorbeeld van hoe jy 'n kind se selfbeeld kan verbeter. (1)

5.2 Noem SEWE kenmerke wat kinestetiese leerders definieer. (7)

5.3 Gee VYF tekens wat 'n opvoeder kan help om 'n kind met moontlike visuele probleme te identifiseer. (5)

5.4 In moeilike ekonomiese tye sal daar baie gesinne wees wat dit moeilik vind om die eise om vir hulle gesin te voorsien, te hanteer. Ons het dit ook gesien gedurende die Covid-pandemie.

Gee VYF punte oor hoe sosio-ekonomiese toestande 'n impak het op vroeë kinderontwikkeling en -leer. (5)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou